Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 11/2026

19 Junie 2026

## Van die skoolhoof

**"Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie."**
**Markus 6:31**

Onderwysers, ouers en selfs kinders leef dikwels met 'n doenlysie wat nooit heeltemal klaar kom nie. Daar is altyd iets om te beplan, te voltooi, te reël of te verbeter. En nog voordat een saak afgehandel is, bring elke nuwe dag weer sy eie uitdagings wat by die lys gevoeg word.

As ons terugkyk op die kwartaal wat verby is, is daar waarskynlik ook heelwat dinge wat onafgehandel gebly het. Dit is deels te wyte aan die kultuur wat in hedendaagse skole teenwoordig is. Daar is die voortdurende druk van projekte, voorbereiding, spertye, eksamens, merkwerk, buitemuurse aktiwiteite en administrasie. Hierdie gejaagdheid spoel oor na ons huise, die skoolkalender moet met die kerk-, werk- en familiekalenders sinkroniseer. Ons is dikwels baie vaardig daarmee om ambisieuse jaarbeplanners op te stel, en dit dan jaar na jaar nóg voller te pak.

Tog vra ons te min: **Wat moet ons minder doen?** Waar moet ons snoei? Dit is soms nodig om eerlik terug te kyk en te vra waar ons deur die hoeveelheid aktiwiteite dalk van ons kerndoel af begin wegbeweeg het. Meer is nie altyd beter nie. Besiger is nie altyd meer vrugbaar nie.

Christus het tydens sy aardse bediening baie verrig. Hy het oral heen gereis, mense geleer, siekes genees en skares bedien. Tog lees ons telkens dat Hy Homself teruggetrek het om alleen te wees en te bid. **Hy het nie elke stil oomblik gebruik om nóg meer te doen nie.** Hy het doelbewus die pas verlangsaam en Hom tot sy Vader gewend.

'n Vakansie is ook so 'n genadige geleentheid om die pas te verlangsaam. Dit is nie noodwendig die tyd om nou net 'n ander lys take af te werk nie. Dit is 'n tyd om te rus, asem te skep, te herlaai en weer gevul te word vir die roeping wat voorlê. 'n Vol lewe beteken nie dat daar geen plek vir rus is nie; rus moet juis deel van ons lewensritme wees.

God het op die sewende dag **gerus** van sy werke en Hom daarin verlustig. Ons gereelde rus begin by die onderhouding van die Sabbatsrus op 'n Sondag, maar ons ontvang ook die groter ritme van vakansietye as 'n gawe.

Ons sisteme se kapasiteit is begrens, en die mense wat dit aan die gang hou, se kapasiteit ook. Ons is geskape as afhanklike mense, nie as onbeperkte masjiene nie. Mag hierdie vakansie daarom 'n tyd wees waarin ons nie nog meer byvoeg nie, maar doelbewus ruimte maak vir dit wat heilsaam, goed en nodig is.

Geseënde rustyd vir almal toegewens.

*Saskia Meijer*



## Beplanner

**20/06:** LS Netbal 0/12 en 0/13 te Vissershoek

**25/06:** KS Oueraand

**25/06:** Graad 1-3: Oueraand

**26:06:** Skool sluit

**21/07:** Skool open

**23/07:** Graad 4-7: Oueraand

**23/07:** HS Toneeloptrede

**24/07:** HS Rapporte

**24/07:** HS Vlamvangaand

# DIRKIES MAAK 'N MERK

**Jessca Knoessen Scott** in graad 9 het SA-kleure in dans verwerf en is deel van die **SA-dansspan**.

Sy is deel van 'n groep van 10 dansers, en hulle vorm weer deel van 11 500 dansers uit 60 lande wat aan die Wêreldbeker Dans-finale in Dublin, Ierland in die Julie- vakansie gaan deelneem.

Ons wens haar baie sterkte toe.






# ALGEMEEN

## Psalmboeke benodig vir Graad 4–7

Ons wil graag vir elke Graad 4–7-klas ’n houer met **Psalmboeke** beskikbaar stel wat tydens skoolure gebruik kan word.


Elke kind bring gewoonlik sy of haar eie Psalmboek saam skool toe, maar ons het opgemerk dat die Psalmboeke soms by die skool agterbly, wegraak of beskadig word. Dit skep dan weer ’n probleem wanneer die kinders dit Sondae by die erediens nodig het.

Om hierdie praktiese probleem op te los, wil ons graag ’n stel Psalmboeke in elke klas beskikbaar hê. Só kan die kinders steeds tydens skoolgeleenthede, openinge en Bybelperiodes die Psalms sing, sonder dat hul eie Psalmboeke heeltyd heen en weer gedra word.

Indien u **ou Psalmboeke** by die huis het wat nie meer gebruik word nie, sal ons dit met groot dankbaarheid ontvang. Die toestand maak nie saak nie, selfs boeke wat verweer is, kan weer netjies oorgetrek en ’n nuwe baadjie gegee word.

Ons sal dit waardeer as u **ongebruikte Psalmboeke** skool toe kan stuur, sodat ons dit sinvol in die klasse kan aanwend.

Baie dankie dat u help om die **Psalmgesang** ook in ons skooldag prakties moontlik te maak.







HAAS DAS
HOU KONSERT!
ROER JOU BAS,
ROER JOU KWAS!
DIS WEER TYD VIR
HAAS DAS SE NUUSKAS!
™
no.1
'n Louise Smit skepping
ENTERACTIVE PRODUCTIONS...
DATUM:
15 & 16
JULIE '26
TYD:
10:00vm
14:00nm
PLEK:
AFRIFORUM TEATER
KAARTJIE PRYSE:
R220

## Haas Das se Nuuskas hou konsert by Afriforum Teater

Dit is ses uur en hier volg die nuus gelees deur Haas Das se Nuuskas ...

Daar heers groot opgewondenheid en konsternasie in Diereland én Menseland, want Haas Das, die befaamde nuusleser, is terug in sy volle glorie! Haas Das dra nog steeds dieselfde flambojante dasse en strikdasse, lees in sy vrye tyd speurverhale van Agatha Aartvark of speel alleen-skaak, en hy is nog net so spitsvondig, beleefd en steek die draak met al wat leef en beef.

En getrou aan sy sy, is sy assistent, die woelige Piet Muis, wat die nuusberigte konsensieus aandra. Die ander bekende karakters van Diereland soos Groot Oom Flapoor Olifant, Moeder Raaf, Bettina Bobbejaan, Bakkies en Boeboe Bobbejaan-boeties, Klein Stinkie Muishond, Koning Leeu en Hoehoef Hiëna is ook terug om oud en jonk met hul manewales te vermaak.

Haas Das het op 6 Januarie 1976 sy debuut as nuusleser in die kinderprogram Wielie Walie gemaak, en amptelik was hy die heel eerste nuusleser op televisie in Suid-Afrika. Duisende kinders het vyftig jaar gelede grootgeword met Haas Das se Nuuskas – Haas Das het, net soos Bennie Boekwurm, 'n baie geliefde karakter in ons plaaslike kultuurskatkis geword.

Die sukses kan toegeskryf word daaraan dat hy so ongekunsteld en volkome eerlik is. Haas Das steek sedig en subtiel die draak met aktuele sake, lewer sosiale kommentaar, maar hy is nooit venynig nie en gooi alles oor die boeg van Diereland. Haas Das is 'n wonderlike erfenis en omdat baie hedendaagse ouers en grootouers met die wonderlike karakter grootgeword het, kan hulle die groot vreugde met hul kinders en kleinkinders kom deel tydens hierdie besondere produksie.

Die regie en teks word behartig deur Dulinda Taljaard van EnterActive Productions. Met meer as 30 jaar se ervaring in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf is sy 'n bekende en gerespekteerde naam wanneer dit by kindervermaak, opvoedkundige teater en teater in die algemeen kom. Haar span gedugte akteurs vorm deel van hierdie uitmuntende produksie wat beslis nie misgeloop moet word nie.

Kom kuier saam met Haas Das in Diereland, want dis weer tyd vir STORIETYD soos die ou dae. Op hierdie nostalgiese reis gaan ons gehore saam met die geliefde inwoners van Diereland neem. Daar gaan gesing, gedans, gelag en stories vertel word soos net Haas Das en sy vriende dit kan doen.

Roer jou bas! Roer jou kwas! Dis weer tyd vir HAAS DAS SE NUUSKAS!

Moet dit nie misloop nie!

**15 en 16 Julie 2026**
10:00 vm en 14:00 nm daagliks
AfriForum Teater
Kaartjies: R220 per persoon
**Besprekings by TIXSA**



# Kleuterskool

**Kalender:**

**25 Junie:** Oueraand
**18 September:** Oupa-en-Oumadag

# Laerskool






## Die konsert is om die draai!

Die konsert is amper hier, en die opgewondenheid loop hoog onder die kinders én die juffrouens!

Tydens hekdiens hoor ons gereeld van ouers:
"Juffrou, my kind het die konsertboekie al oor en oor deurgelees en ken al die deelnemers se woorde en liedjies!"

Dit is vir ons heerlik om te hoor hoe baie die kinders die voorbereiding geniet. Intussen skarrel die juffrouens om alles gereed te kry – van kostuums aantrek tot klein probleempies oplos ("Juffrou, hierdie hemp laat my jeuk!"). Die afwagting is groot, en ons kan nie wag om die eindproduk met julle te deel nie.

**Hier volg die belangrike reëlings:**

Voor die vakansie
Ons eerste kleedrepetisie vind by die skool gedurende skooltyd plaas. Dit gee ons die geleentheid om al die verskillende dele van die konsert saam te voeg en die "legkaart" volledig te bou.

Daarna breek die vakansie aan. Rus lekker uit en geniet die tyd saam as gesin. (Die juffrouens gaan intussen nog 'n bietjie aan hulle eie item moet oefen ... !)

Kwartaal 3
Skool heropen: Dinsdag, 21 Julie 2026

Kleedrepetisie 1
📅 Maandag, 27 Julie 2026
📍 Doxa Deo, Ben Swartstraat
Leerders word tussen 07:00 en 07:30 by Doxa Deo afgelaai.
Onderwysers sal hulle daar ontvang.
Ons beoog om teen 13:00 klaar te wees.
Leerders word weer by Doxa Deo opgelaai.
Alle leerders kom in skooldrag aan en trek hul konsertklere by die kerk aan.



Kleedrepetisie 2
📅 Woensdag, 29 Julie 2026
📍 Doxa Deo, Ben Swartstraat
Leerders word weer tussen 07:00 en 07:30 afgelaai.
Oefening geskied hierdie keer in skooldrag.
Afhaaltyd is weer 13:00.

Wat moet saamkom?
Vir beide repetisies moet leerders asseblief:
'n Klein tassie met hul kos vir die dag saambring.
Slegs water mag saamgestuur word. (Geen koeldrank word toegelaat nie.)

Konsertvertonings

Eerste vertoning
📅 Vrydag, 31 Julie 2026
🕛 18:00
Leerders word 17:30 by die kerk se saal aan die regterkant van die gebou afgelaai.
Onderwysers sal hulle ontvang en na die korrekte plek begelei.
Ons kan nog nie met sekerheid sê hoe lank die vertoning gaan duur nie, maar ons sal julle op hoogte hou.

**Tweede vertoning**
**📅 Saterdag, 1 Augustus 2026**
**🕙 10:00**
**Alle leerders neem ook aan hierdie vertoning deel.**

**Dieselfde reëlings geld:**
**Leerders word 30 minute voor die tyd by die saal aan die regterkant van die kerk afgelaai.**
**Onderwysers sal toesien dat elkeen op die regte plek uitkom.**

**Ons sien uit daarna!**

Geniet die laaste paar weke van afwagting saam met ons. Ons sien ongelooflik baie uit om julle by die konsert te verwelkom en om die kinders se harde werk, entoesiasme en talent aan julle te wys.

Vir die kinders is dit 'n wonderlike ervaring om saam met hul maats iets besonders te skep, en vir ons as personeel is dit 'n voorreg om hierdie spanpoging met julle te deel.
Baie dankie vir julle ondersteuning. Ons kan nie wag om julle daar te sien nie!

# Laerskool

## Conquesta 2026: Gr.1 - 7

Ons gaan **nie** hierdie jaar deelneem aan die Conquesta Olimpiade **nie.**

## Uitstappies

Vrydag, 7 Augustus gaan die gr.4 - 7's op verskeie uitstappies. Elke graad sal volgende week 'n **formele skrywe** ontvang.

## Laastedag reëlings

Saalafsluiting vind om **07:40** in die kerk plaas waarna die kinders na hul klasse verdaag. Daar sal aktiwiteite plaasvind soos afgespreek waarna die skool om **11:00** vir die leerders sluit.

Die kleuterskool en grondslagfase leerders ontvang rapporte, die intermediêre fase eers na afloop van die vakansie.

**Oueraand: 23 Julie**



## 7's Rugby

Die laerskool se 7's-span het **derde** geëindig in die liga waarin hulle deelgeneem het en ook gekwalifiseer om deel te neem aan die uitspeelrondtes. Weens die langnaweek en logistieke probleme kon die uitspeel nie plaasvind nie. Baie geluk aan elke seun wat hierdie seisoen hard gewerk het.

## Dagboek die datums

**Sagtebal**
Die oefening begin Donderdag, 23 Julie. Meer inligting sal op die groepe gedeel word.

**Hokkie**
Die laerskool begin reeds **21 Julie** met oefening. Meer inligting sal op die groepe gedeel word. 22 Julie speel die 0/12- en 0/13-seuns alreeds 'n wedstryd te Centurion.

# Hoërskool

**Laastedag reëlings (Vrydag 26 Junie)**

Saalafsluiting om 07:35 tot ongeveer 08:30; daarna word eksamensessies afgelê. Leerlinge mag huis toe gaan sodra die hele graadgroep die eksamensessie afgehandel het.

Let wel: daar is nie Vrydag 26 Junie ’n studiesessie vir die graad 8's en 9's nie; hulle begin eksamen skryf direk na die saalafsluiting.

Leerlinge ontvang DV op Vrydag 24 Julie **rapporte.** Die oueraand vind plaas op Donderdag 30 Julie 2026.

**Vlamvataand #3** vind plaas op 24 Julie 2026. Meer inligting volg.



# Op die kultuurfront

Dis amper tyd!

Dis amper tyd om vakansie te gaan hou, maar dis ook amper tyd vir die Dirkies se eerste volwaardige toneel om op **23 Julie en 4 Augustus** opgevoer te word! Die eerste tien dae van die derde kwartaal gaan ons groot!

Om vir julle 'n belewenis op die planke te bring, gaan ons ook in die vakansie, van 13 -18 Julie, by die skool repeteer. Die dramaleerlinge offer 'n hele vyf dae van hulle vakansie op!

Die eenbedryf, "Hoe lyk 'n engel?" word op 23 Julie deur tien Dirkies opgevoer. Bespreek jou kaartjie nou op die skool se webwerf en kom kyk na die drama in die NG-kerk Waverley-Oos.
Na hierdie optrede durf ons die ATKV-tienertoneelfees op 4 Augustus aan, waar ons met ander skole op die verhoog van die UNISA-Kleinteater gaan meeding.

Jy gaan nie engele daar sien nie, o nee! Jy gaan saam op reis met 'n ma (Danika Venter) en haar dogter (Alisha Drijfhout) wat uit moeilike omstandighede ontvlug en hulle voete op 'n nuwe dorp moet vind. Nuwe vriendskappe word gesmee met Wessel (Rudy van Rooyen), die dominee (Jandry van Rooyen), die onderwyseres (Anli Kruger) en skoolmaats (Imarie Linde, Annaiz Fouché, Liané Verhoef, Anna Bester).

Daar gaan natuurlik nuwe probleme opduik, maar daar is ook komiese situasies!

Ons verhoogspan het ook bekwame leerlinge wat sorg vir tegniese ondersteuning en die gladde verloop van alles op en agter die verhoog. Hierdie staatmakers is Aiden Oberholzer, Anna Bester, en Henro van der Linden.

Hoop om julle almal op **23 Julie** te sien!





WinskoopToere
DROOM · LEEF · REIS

# Ons Wonderlike Turkyetoer

Met Prof. Henk Stoker as toerleier

**24 September – 4 Oktober 2026**

## Loop in die voetspore van Paulus en die gemeentes van Openbaring!

Hierdie toer besoek besonderse plekke van die Bybel en neem jou op 'n geestelike reis. Die boeke van Openbaring en Handelinge kry hiér voor jou oë vergestalting.

**KAPPADOSIË - KONYA - ANTIOCHIË - HIËRAPOLIS - LAODISIË - FILADELFIA - SARDIS - KOLOSSE - SMIRNA - KUSADASI - EFESE - TIATIRA - PERGAMUM - TROJE - NICEA - CHALCEDON - ISTANBOEL**











KAMPUSOPEDAG
27 Junie 2026 | 08:00-12:00
David Langleystraat 433, Garsfontein, Pretoria
Kom vind meer uit oor ons opleidingsmoontlikhede
SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OPLEIDINGSINSTITUUT


SÓ SÊ 'N FONTIE
"By Akademia is daar sonder twyfel iets vir elke student. Elke Fontie en personeellid is deel van ŉ groter gemeenskap en neem self inisiatief om geleenthede vir hulself en ander te skep."
– Zoë van den Berg,
BCom (Ondernemingsbestuur)-derdejaarstudent

# Snapscan Kodes

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die “snapscan”-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na “Get a MySchool card now”. Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

